**Vrydag 17 Julie**
**Skrifgedeelte: Rigters 16:13-31**
**Fokusgedeelte: Rigters 16:16, 22**
**As hy val, stort hy nie neer nie**

Daar was nie nog een soos Simson nie. Die mees vername rede is dat hy tot aan die einde van sy lewe stoksielalleen teen die vyandelike oormag geveg het. Geen mens het hierdie man ooit gehelp nie. Nietemin, Simson was ’n ongeduldige mens. Kortgebonde. ’n Heethoof.

Delila se afpersing het hom so ongeduldig gemaak dat hy die heilige geheim van sy krag aan haar bekendgemaak het en die Bron van sy krag geminag het. Simson het diep geval, want die Here het van hom gewyk. Hy word toe werklik die verlate rigter. ’n Mens se hart breek vir hierdie man. Toe kon die vyande van die kerk die magtige held se oë uitgrou en hom ’n verminkte slaaf maak wat koring maal soos ’n esel.

Dan staan daar die mees troosvolle woorde in vers 22: Maar sy hare het weer begin groei, sodra dit afgeskeer is. Die Here het dadelik weer aan Simson gedink. Simson het deur sy ongeduld geval, maar die Here was lankmoedig met Simson. Daar in die gevangenis word Simson opnuut weer aan die Here toegewy om ’n groot verlossing vir sy volk te bewerk.

Daar was ’n eindeloos groter held as Simson. Hy word deur God verlaat as gevolg van ons sonde. En Hy oorwin al ons vyande stoksielalleen aan daardie Godverlate kruis. Daarom mag ons weet dat ons Vader ons nooit sal verlaat nie, al het ons dalk geval.

Ons struikel dikwels deur ons ongeduld. Ons struikel omdat ons nie op die Here gewag het nie. Maar as ’n gelowige struikel, sal die Here nie toelaat dat ons onsself te pletter te val nie. Christus wat vir ons Godverlate gesterf het, het ook vir ons opgestaan. Kyk op na Christus wat in jou plek verlaat was, maar wat ook vir jou opgestaan het. Staan op in ’n nuwe lewe deur die Heilige Gees se krag. Ons God se lankmoedigheid is ewig, ter wille van Christus Jesus, ons Here.

*Sing: Psalm 37-1:14, 15*
*Ds. RA (Ronald) Bain (Oranjerivier)*